NAMAKWA TOERE &AKKOMMODASIE BK
2005/121434/23
H/A NAMAQUALAND COUNTRY LODGE
NAMAKWA TOERE

Sinoniem met die panoramiese Sederberge, die asemrowende Stadsaalgrotte wat jou op 'n verbeeldingstog neem en jou na 'n ander dimensie weglei, ongerepte Weskus natuurskoonheid, kaleidoskoop van Namakwalandse blommeprag, gasvryheid, weglê-etes en die luuksste busvervoer.

Avontuur na : Weskus - Sederberge

Begin: Kaapstad

Styl: 4x4 Toyota Hilux Double Cab (indien slegs 3 besprekings)
4x4 Mercedes Benz Bus (alle besprekings meer as 8)

Akkommodasie – Namaqua Lodge Vanrhynsdorp

Reference: WSK 8/1

Fisiese: 'n Basiese vlak van fiksheid is belangrik om die toer ten volle te geniet. Geskik vir mense onder die ouderdom van 80 jaar

Kontak ons gerus vir meer inligting.

Toer Prys: 2020
Deel / Enkel: R6 500 per persoon

Betaal R2 000 p/p deposito (binne 14 dae) nadat u bespreking bevestig is, en balans 30 dae voor toer vertrek.

Toer datum: 2020	
WKS 8/1	Maandag 27 – Donderdag 30 Julie 2020 (4 dae)
WKS 8/2	Donderdag 24 – Sondag 27 September 2020 (4 dae)

TOER PROGRAM - 4 DAG WESKUS – SEDERBERG TOER:

Ingesluit :
3 Nagte se akkommodasie by Namaqua Lodge
Vervoer
Geregistreerde toergids
Alle toegangsfooie
Etes soos aangedui

Uitgesluit:
Fooitjies
Drankies

LEDE : J. SPIES/M.A. SPIES

Posbus 246 | Voortrekkerstraat 22 | Vanrhynsdorp 8170
Tel: 027 219 1377/027 219 1633 Faks: 027 2191635
Jenny : 082 654 8877 / Mike : 082 89 66 444 / Santa : 082 872 9999
info@namakwatoere.com & info@namaqualodge.co.za
www.namakwatoere.com & www.namaqualodge.co.za

DAG 1:

Ons vertrek vanaf Kaapstad en ry deur Bloubergstrand, verby Melkbosstrand en Langebaan, waar ons die vakansieoord Club Mykonos met sy Griekse atmosfeer sal sien. Ons sal ook Saldanha se hawe sien - die grootste, diepste en veiligste hawe in Suid-Afrika! Paternoster, `n karaktervolle vissersdorpie sal ook besoek word. Volgende op ons roete is die Weskus se drielingdorpies Velddrif, Port Owen en Laaiplek wat aan die mond van die Bergrivier die bokkomhoofstad van SA uitmaak. Port Owen met sy waterstrate laat mens ook baie aan Venesië dink. Ons ry ook deur Dwarskersbos, verby Rocherspan en oor die Verlorenvlei voordat ons by Elandsbaai uitkom. Hier word die kreefbakkies met hyskrane van die kaai tot in die baai laat sak. Van hier kies ons koers deur die Sandveld verby Leipoldtville en Graafwater via Clanwilliam na Vanrhynsdorp waar ons elke aand van die toer sal oornag in Namaqua Lodge.

Ingesluit : Aandete

DAG 2:

Vandag besoek ons die Stadsaal grotte. Hierdie roete beloof om vol verbeeldingryke verrassings te wees wat tussen die geweldige hoë berghange en klowe sal deurlei. Hier oppad na nêrens kry jy die afdraai na die Stadsaal grotte wat die hoogtepunt van ons toer is. Hierdie is ‘n deel van ons land wat nog net nie deur die toeris ontdek is nie. Hier sal ons ook seker een van die mooiste voorbeelde van rotskuns (Boesman tekeninge) sien. Dit is hier waar jou verbeelding jou in ‘n ander dimensie sal inneem. Tussen hierdie ongelooflike sandsteen-rotsformasies kan jy vir ure lank rond dwaal sonder dat jy dieselfde ding twee keer sal sien. Hierdie is ‘n ervaring wat jy nie vir enige iemand op papier kan verduidelik nie. Dit is waar jy al die geheue van jou digitale-kamera of video kamera gaan opgebruik.

Ingesluit: Ontbyt, middagete & aandete

DAG 3:

Ons besoek vandag die Matzikama berge wat die mees Noordelike uitloopsels van die Sederberg-reeks is. Die Matzikama berge is bekend vir sy rotsagtige gediertes en klip-dinosourusse wat ons te siene gaan kry op ons besigtigingstoer bo-op Gifberg. Dit is ook hier waar ons sal sien hoe ‘n waterstroompie ‘n gat in ‘n rots gevorm het oor die eeue heen en vandag is dit `n waterval. Gifberg het sy naam gekry as gevolg van die gifboom wat endemies is tot hierdie bergreeks en nêrens in die wêreld voorkom nie. Ons besoek ook Nieuwoudtville waar die NG Kerk, Nieuwoudtville waterval, kokerboomwoud onder die besienswaardighede val.

Ingesluit: Ontbyt, middagete & aandete

DAG 4:

Die laaste dag van ons toer, maar steeds `n kleurvolle dag propvol opwinding! Ons ry deur die Olifantsriviervallei tot by Clanwilliam waar ons die Pakhuisberge, `n deel van die Sederberge sal binnegaan. Die Pakhuisberge se rotsformasies laat mens net weer besef hoe nietig ons is, hier lyk dit asof die rotse bo-op mekaar gepak is. Ons lê ook besoek af aan C. Louis Leipoldt se graf in die berge. Ons ry hierna verder deur die Olifantsriviervallei met die Sederberge en Olifantsrivierberge weerskante van die pad tot ons die Piekenierskloofpas oorsteek. Die roete neem ons verder deur die Swartland. Na `n asemrowende dag word `n sielsverrykende toer afgesluit in Kaapstad. Sal ongeveer 16:00 arriveer vir diegene wat nog terugvlieg. Vlugte kan vanaf 17:00 terug bespreek word na u bestemming.

Ingesluit: Ontbyt

Hierdie toer is onderhewig aan ‘n minimum van 3 en ‘n maximum van 20 persone.

Hoekom saam met Namakwa Toere gaan toer?

Wie is Namakwa Toere en wat doen ons anders?

- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikste gidse wat u ooit sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir `n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurder is saam met u met vakansie en is nooit onder druk nie.

www.facebook.com/namakwatoere/namaquatours

Na elke toer word daardie spesifieke toer se foto's op Facebook gelaai. Net nog `n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied!

Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

- Die Toer is onderhewig aan 'n minimum van **3 persone** om plaas te vind.
- ***Namakwa Toere*** onderneem om sover dit moontlik is geen toer te kanselleer nie. Indien dit ooit sou gebeur dat ons 'n toer ***moet*** kanselleer, sal ons u gelde wat u alreeds betaal het, binne 24 uur terugbbetaal met 10% rente per jaar.

Hoe bespreek ek 'n toer by Namakwa Toere?

- Wanneer u besluit het om op een van ons toere te bespreek, vul die besprekings vorm in. Faks of epos die vorm dan na ons kantoor. Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlieg besprekings indien u dit so aangedui het). U sal 'n toerverwysings-nommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. **Hierdie toerverwysings-nommer moet op u deposito strokie aangetoon word**. Hierdie toer verwysingsnommer moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer wat u bespreek het.
- Ons verskaf nie bank besonderhede sonder 'n besprekingsvorm nie. Die enigste rede hiervoor is dat toerlede in die verlede gelde inbetaal sonder dat hulle 'n toer verwysingsnommer ontvang het, en dat hulle nie 'n bespreking per faks of epos gedoen het nie. Dit het al gebeur dat voornemende toerlede gelde inbetaal het, maar dat daardie spesifieke toer alreeds vol bespreek was.

Vriendelike groete

Namakwa Toere Span

Jenny Spies, Mike Spies & Santa Van Huyssteen

Hotel verblyf vir diegene wat voor die toer vertrek of nadat die toer afgehandel is. Alle hotel besprekings MOET deur Namakwa Toere gedoen word, om hierdie tarief te betaal. Neem kennis ons neem GEEN kommissie op enige hotel of vlug besprekings nie!

City Lodge – Grand West – Kaapstad (3*)**	**Toer vertrek 09:00**
Enkel kamer	R1 324
Dubbel/Twin	R 1641
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief
Middagete Aandete	Geen Restaurant Verskeie restaurante by Grand West beskikbaar
Pendel diens	R320 (+R20 p/p ekstra)
Parkering	Gratis (lang termyn beskikbaar)
Wifi	15 min gratis – ekstra koopbewys beskikbaar
Ekstra	Sitkamer met kroeg fasiliteit Grand West Casino & Vermaaklikheid Verskeie restaurante/teaters
Web tuiste	https:clhg.com/hotels/125/GrandWest-Hotels
Tel	(021) 535 3611

Hotel Verde Lughawe - Kaapstad (4**)**	**Toer vertrek 09:30**
Enkel kamer	**R1 240 – 2019 tarief** 2020 tarief moet nog ontvang word
Dubbel/Twin	**R1 545 – 2019 tarief** 2020 tarief moet nog ontvang word
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief : 04:30 – 09:30 - Naweke 04:30 – 10:00
Middagete Aandete	A la carte restaurant Middagete – 12:30 – 15:00 Aandete – 18:30 – 22:30 Kamer bediening – 10:00 – 22:30
Pendel diens	Gratis tussen lughawe en hotel Gratis tussen hotel en Waterfront Vertrek 13:00 uur van hotel na Waterfront Terugkeer 17:30 vanaf Waterfront na hotel (Moet bespreek vir hierdie diens)
Parkering	Gratis oornag indien u daar slaap. R125 per nag indien u op toer motor wil los
Wifi	Gratis
Ekstra	Sitkamer met kroeg fasiliteit Gimnsdium
Web tuiste	http://www.hotelverde.co.za/
Tel	(021) 380 5500

Road Lodge Lughawe - Kaapstad (1*)	**Toer vertrek 09:45**
Enkel kamer	R801 per kamer (een of twee persone)
Dubbel/Twin	R 1641
Ontbyt	Kontinentale ontbyt R90 p/p 06:30 – 09:00 07:00 – 10: 00 (Naweke)
Middagete Aandete	Geen Restaurant Restaurante by lughawe beskikbaar, of skakel Mr Delivery vir wegneem etes
Pendel diens	R80 (+R30 p/p ekstra)
Parkering	Gratis indien u daar oornag R200 per nag indien u op toer motor wil los
Wifi	15 min gratis
Web tuiste	https:clhg.com/hotels/308/CapeTown-International-Airport
Tel	(021) 934 7303

TOERLID 1:

Van:..... Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.....

Volle naam:..... Noemnaam:.....

ID no.: ..... Tel no.:.....

Posadres: ..... Sel no.:.....

..... Epos:.....

TOERLID 2:

Van:..... Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.....

Volle naam:..... Noemnaam:.....

ID no.: ..... Tel no.:.....

Posadres: ..... Sel no.:.....

..... Epos:.....

Toer Datum: ..... **WKS 8/1**

Akkommodasie gedurende toer: Enkel..... Dubbel..... Deel 2-bed kamer..... 3 Bed kamer.....

- **Moet ons help met vlieg reëlings:** Ja..... Nee.....

Vertrek ***vanaf*** lughawe:		Datum ***na*** Kaapstad:	
Terug ***vlug na*** lughawe:		Datum ***vanaf*** Kaapstad	

- **Moet ons help met hotel besprekings:** Ja..... Nee.....

Datum : (***Voor*** toer begin) ..... Datum : (***Na*** toer eindig) .....

City Lodge - Grand West		Hotel Verde Lughawe	
Road Lodge Airport			

Tipe akkommodasie by hotel bespreking in Kaapstad: Enkel..... Dubbel..... Deel 2 Bed.....

- **Moet ons help met pendel rit reëlings in Kaapstad:** Ja..... Nee.....

Indien u self vlug besprekings doen – bevestig asseblief u vlug besonderde vir ons aandag:

Datum na Kaapstad		Datum vanaf Kaapstad	
Vlug nr & tyd		Vlug nr & tyd	

Toer opklimpunt:

City Lodge - Grand West	09:00		Hotel Verde Lughawe	09:30	
Road Lodge Airport	09:45		Kaapstad Int. Lughawe*	10:00	

*Lughawe slegs vir toerlede wat invlieg die oggend wat toer vertrek, en vlugte **moet** voor 08:30 land.
Toerlede wat huurmotors gaan terug besorg, moet asseblief voor 08:30 die motor teruggee.

Handtekening:..... Datum:.....

Naasbestaande:..... Tel no.: .....

Epos na: info@namakwatoere.com